# Rietvallei

**AJV 17 Augustus 2019 -DUBE**

**Bestuur vir 2019 – 2020**

Die Rietvalleiers

Die tyd het aangebreek vir ons jaarlikse AJV. Die jaar was dit by Dube. Goeie keuse, want hulle het die kamp baie mooi gemaak en ons het pragtige gras staanplekke gekry. Die draai-roomys by die winkel het ook baie aftrek gekry met die heerlike somer weer.

Vrydagaand is daar boerewors rolle gemaak en so eg aan die Rietvalleiers, het almal ingespring om te help. Frans het die boekevat behartig en ons almal weer bietjie introspeksie laat doen.

Saterdag oggend 9 uur het ons AJV gehou. Elke Rietvalleier moes 'n blikkie kos bring vir toegang en daar is tydens die vergadering besluit om dit sommer 'n instelling by elke kamp te maak. Die bestuur het hulle goed van hulle taak gekwyt en 10:30 was die formaliteite afgehandel. Al die toekennings en aansporing plaatjies is uitgedeel. BAIE geluk aan elkeen!! Dis wonderlik om deel te wees van so 'n wonderlike groep mense! Spesiale gelukwensing aan die 2 trofee wenners: Tinus Fourie – Senior Rietvalleier van die jaar en Magdaleen Viljoen – Rietvalleier van die jaar.

Na die vergadering is daar saam gesmul aan sop en eetgoedjies verskaf deur die oord en heerlike brode en smere wat tannie Elmarie vir ons reggesit het. Ons het almal gaan ontspan en laatmiddag koek en tee saam geniet – Dankie Dube!!

Asof ons nog nie genoeg geëet het nie, is daar laatmiddag oral oor die kampterrein groepies gemaak en saam gebraai en gekuier!

Sondag het Magdaleen met haar boodskap by die tema van 'Geseënd om ander te seën' aangepas en gepraat oor die Bergpredikasie in Matteus 5.

Daarna het die tafels omtrent gekreun onder die heerlike nageregte en het die Rietvalleiers vir oulaas die naweek saam geëet ☺ Oom Mel oorhandig aan Tannie Elmarie die Senior Stomp trofee.

So kom alle lekker dinge tot 'n einde en moet daar opgepak word…. Dankie aan bestuur vir 'n goeie en suksesvolle AJV naweek!!

**Toekennings vir 2019**

Pieter Viljoen – Streek Ere Toekenning

Magdaleen Viljoen – Streek Ere Toekening

Magdaleen Viljoen kry die Rietvalleier van 2019 trofee

Rudi en Magda Britz – Streek Meriete Toekenning

Margriet van den Berg - Gebied Ere Toekenning

Tinus Fourie – Streek Meriete toekenning asook die Senior Rietvalleier van 2019 trofee

Elmarie le Roux – Streek Meriete Toekenning

Pieter le Roux – Streek Meriete Toekenning

Hennie Engelbrecht – Streek Meriete Toekenning

Johan en Rina van Zyl – Streek Meriete Toekenning

Tjaart Klaasen – Streek Ere Hoërgraad Toekenning

Wayne Botha – Streek Ere Toekenning

## Aansporingplaatjies

Pieter en Elmarie le Roux –

Streek

Reinier v d Berg

Streek

Saterdag se lekker kuier

Sondag se poeding tafel